SAKE 24 (Burger Kaap)
Friday, 2 November 2007, p. 7

Kapenaars speel groot rol in Paralimpiese Spele

Die Kaapse IT-maatskappy Betterhealth Global South Africa (BHG) het bygedra tot die sukses van die Paralimpiese Spele wat onlangs in Shanghai gehou is.

Die Spele is een van die grootste amateur-sportgebeure ter wêreld en een van die dienste wat daarmee gepaardgaan, is die gratis gesondheidsprogram Healthy Athletes.

Hiervoor word HEALTHone-programmatuur gebruik om die sowat 8 000 atlete wat aan die Spele deelneem, deur die jaar te monitor en hul toetsdata veilig te berg.

Gedurende vanjaar se Spele is 18 536 toetssessies met 4 879 atlete gedoen – 'n rekord vir die Paralimpiese Spele.

BHG is die Suid-Afrikaanse verskaffer van HEALTHone, wat 'n internasionale programmatuurmaatskappy is.

Suid-Afrikaanse personeellede het die stelsel wat by vanjaar se Spele gebruik is, ontwikkel en in werking gestel.

Die bediener waarin die atlete se data geberg word, is boonop by BHG se kantore in die Bandwidth Barn in Kaapstad.

Die Bandwidth Barn probeer Kaapse IT-maatskappye se opgang versnel deur sekere ondersteuningsdienste te bied.